

**8 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:21-17:13**

### **Jesus kondig sy lyding aan**

Dit moes vir Jesus na sy mensheid verskriklik gewees het om aan te kondig watter lyding Hy moet ondergaan. Hy kondig dus ook aan dat Hy doodgemaak moet word en dat Hy op die derde dag uit die dood opgewek moet word. Vir die dissipels is dit uiters moeilik om te aanvaar. Hulle kan nie glo dat hulle Messias doodgemaak moes word nie. Daarom meen Petrus dat hy Jesus moet tereg wys. Dit is egter die Satan wat deur Petrus Jesus wil versoek en Jesus wys hom streng tereg. Hy moet in ons plek sterf, sodat ons die ewige lewe kan hê.

Nou verduidelik Jesus die implikasies van sy lyding vir sy volgelinge. Om Jesus te volg is om jouself te verloën. Dit beteken dat jou eie behoeftes en begeertes en voorkeure op die agtergrond gestel moet word, sodat Jesus die volle toewyding van jou lewe kan kry. Jy kan nie jou saligheid daardeur verdien nie, maar jy kan jou dankbaarheid daardeur betoon vir die groot genade wat God aan jou gegee het.

Tydens hierdie lydensaankondiging word Jesus as God geopenbaar. Sy gesig het so blink soos die son geword en sy klere het wit geword sodat dit self lig uitgestraal het. Hierdeur het Jesus se goddelike heerlijkheid vir 'n rukkie sigbaar geword.

Moses en Elia het verskyn. Dit het beteken dat Jesus die wet (Moses) en die profete (Elia) kom vervul het.

Die stem uit die wolke openbaar God se magtige teenwoordigheid. Dit is die hoogtepunt van die hele gebeurtenis. Dit was 'n openbaring uit die hemel self: dat Jesus Christus die Seun van God is en ook self God.

*Sing: Skrifberyming 8:1*

*Ds GS Kruger (Centurion)*